

## **DIE BILEAMSLEER**

[en die identifikasie van ons volksodes in terme van die Bileamsleer]  
Jann Schlebusch – 29 Maart 2013 – Konsilie van Majuba (GKK)

### 1. Inleiding

In Op 2:14 sê Jesus aan die gemeente van Pergamus “Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om ‘n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.”

### 2. Geskiedenis van Bileam

#### 2.1 Agtergrond

Die geskiedenis van Bileam vind ons in Numeri 22 – 25; sowel as in Numeri 31. Die raad wat Bileam aan Balak gegee het, en wat bekend is as die Bileamsleer, is nie so opvallend in hierdie gedeeltes nie (Num 31:16 verwys wel daarna), maar uit hierdie studie, waar die verskillende teksgedeeltes met mekaar in verband gebring word, kan ons ‘n goeie begrip vorm van die Bileamsleer.

In Numeri 21 vind ons die geskiedenis wat die stuk oor Bileam voorafgaan: Gedurende hulle uittog uit Egipte, toe hulle nog onder leiding van Moses was, het die Israëliete oorlog gemaak teen Arad, teen die Ammoriëte en teen Basan. Israel het hulle oorwin en hulle uitgedelg.

#### 2.2 Balak en Bileam

Num 22:1-4 Daarna het Israel laer opgeslaan in die vlaktes van Moab, oos van die Jordaan van Jerigo. Balak was koning van Moab. Die Moabiëte was bang vir Israel a g v hulle oorwinnings.

5-7 Balak praat met die oudstes van Midian en daarop stuur hy boodskappers na Bileam om hom te vra om die Israëliete te vervloek. Ons kan die volgende afleidings maak: Bileam is ‘n Midianiet wat onder sy volksgenote gebly het (by die Eufraat, oos van Kanaan). Dit word later bevestig as ons kyk na die afkoms van die Midianiete en die Israëliete se oorlog teen hulle. Bileam se vermoë is hoog in aansien: Balak sê “ek weet, die een wat jy seën is geseënd en die een wat jy vervloek, is vervloek.”

8-14 Opvallend dat Bileam se eerste reaksie op Balak se versoek is om JHWH te raadpleeg. Bileam is dus ‘n gelowige. Hy aanbid JHWH. God vra vir Bileam “wie is die manne daar by jou?” – God praat met Bileam! Hy is dus ‘n profeet van JHWH.

15-19 Balak stuur 'n 2e afvaardiging na Bileam, maar hy bevestig telkens sy antwoord: "Al gee Balak my sy huis vol silwer en goud, ek kan die bevel van JHWH my God nie oortree om klein of groot te doen nie." Bileam noem JHWH "my God" – dit bevestig weereens die opregtheid van sy geloof. Telkens raadpleeg hy God en gehoorsaam hy God se bevel. Hy tree nie eiesinnig op nie en maak nie op sy eie krag staat nie.

20-34 Bileam raadpleeg God weer. Hy antwoord hom dat hy saam met hulle moet gaan. Toe hy egter saamgaan, het God kwaad geword en Jesus het sy donkie voorgekeer. As ons hierdie stuk lees, val dit vreemd op. Dit lyk of Bileam God getrou gehoorsaam, en tog word God vir hom kwaad. Let egter op die Here se woorde in vers 32: "jou weg loop gevaarlik steil in my oog!" As ons dit dan saamlees met 2Pt2:15, dan sien ons dat Bileam die "loon van ongeregtheid liefgehad het". Bileam was dus gehoorsaam, maar sy hart was nie reg voor God nie. Hy het hom nie verlustig in sy bevel nie. Bileam se afvalligheid blyk ook uit Num 24:1 waar ons sien dat hy hom tot towery gewend het.

### VOLKSONDE 1: LOUHEID EN MATERIALISME

Dit bring ons dan by die 1e van ons volksondes wat ons kan identifiseer uit die Bileamsleer. Naamlik dat ons lou geword het en die wêreld liefgekry het. Meer spesifiek kan ons wys op ons materialisme wat ontstaan het met die voorspoed wat ons volk sedert Republiekwording ervaar het. Ons moet besef dat die voorspoed juis a g v ons Vader se besondere seën was op die Godvererende stelsel wat met Republiekwording ingestel is. Let ook in hierdie verband op Jesus se uitspraak in Lukas 15:13: Jy kan nie twee here dien nie: Jy kan nie God en Mammon dien nie.

#### 2.3 Bileam se gesindheid

Nou kan ons dit ook dalk vreemd vind dat God 'n opdrag gee wat in stryd is met Sy wil: Hy sê naamlik vir Bileam om saam met Balak se afvaardiging te gaan, maar Hy is kwaad as Bileam dit doen. Maar die Bybel leer wel dat God ons oorgee aan ons sondige begeertes as ons Hom nie bo alles liefhet en Hom gehoorsaam nie (Agab en Josef in 2 Kron 18:19-21; Ps 81:13; Rom 1:18-24)

#### 2.4 Die Midianiete

Wie was die Midianiete? Ons lees in Gen 25:1-7 dat hulle ook die nageslag van Abraham was. Na Sarai se dood, het Abraham vir Ketura as vrou geneem en 'n hele paar kinders by haar gehad. Hy het hulle egter nie saam met Isak laat erf nie, maar vir hulle geskenke gegee en hulle weggestuur na die ooste. Hulle het toe oos van Kanaan gaan woon, naby die Eufraat. Jetro, die skoonvader van Moses, was 'n Midianiet (Ex 18:1,11). Ons het reeds gesien dat Bileam gelowig was (daar bestaan dalk 'n moontlikheid dat dit 'n skyngeloof was, veral omdat hy Balak van advies bedien het om Israel afvallig te maak en omdat hy hom opgehou het met towery, maar ons weet ook dat geen gelowige sonder sonde is nie). Ons sien ook in Ex 18:11 dat Jetro vir JHWH geëer as die almagtige. Hoewel daar dus waarskynlik gelowiges

onder die Midianiete was, was hulle steeds 'n ongelowige volk. Dit kan ons aflei uit Num 25:14-18.

## 2.5 Die Moabiete

Wie was die Moabiete? Hulle was die afstammeling van Lot, Abraham se broerskind. Dit lees ons in Gen 12:5 en Gen 19:36,37. Hulle was ook 'n ongelowige volk, soos beskryf in Num 25:1-3.

Beide die Midianiete en die Moabiete was dus naby verwant aan die Israeliete, maar ongelowige volke.

## 2.6 Hoerery en vermenging

Ons kyk net weer na Open 2:14 waar Jesus sê dat Hy dit teen die gemeente van Pergamus het dat daar mense is wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.

In Num 25 word hierdie hoerery en verleiding tot afgodediens bespreek: In Num 25:1-3 lees ons dat Israel hoereer het met die dogters van die Moabiete; dié het hulle na die offers van hul gode uitgenooi; en die volk het geëet en hulle neergebuig voor hulle gode.

Later in die hoofstuk lees ons dat die Israeliete ook met die Midianiete hoereer het. Dit word bevestig in Num 31, waar God dan ook opdrag gee dat Israel die Midianiete moet uitwis. Die rede was omdat hulle vir Israel 'n oorsaak van troubleuk was teenoor JHWH. Die Midianitiese vroue het naamlik, deur die raad van Bileam, die Israelitiese mans verlei om met hulle te vermeng en so verbind te raak aan hulle afgode. (Num 31:16; Num 25:1-4,18).

Uit hierdie gedeeltes lyk dit asof die hoerery later oorgegaan het daarin dat Israelitiese mans vir hulle ook vroue geneem het onder die Midianiete en Moabiete. Die Moabitiese- en Midianitiese vroue het wel met voorbedagte rade die Israelitiese mans verlei. Die feit dat die hoerery later oorgegaan het in permanente verhoudings, het beteken dat Israel hulle met die volke van Moab en Midian verbind het.

## 2.7 Vermenging en die Verbond

Wat Bileam se leer oor die hoerery betref, is die sonde dus nie alleen daarin om te hoereer assulks nie, maar meer spesifiek om met 'n ongelowige gemeenskap te hê. Omdat ons 'n sondige natuur het, sal gemeenskap met 'n ongelowige ons vervreem van die Ware Godsdiens en die Ware God, sodat ons ons na afgode sal wend. Hoewel dit hier in die besonder gaan oor seksuele gemeenskap, kan ons hierdie verbod op gemeenskap met ongelowiges deurtrek na enige sosiale verbintenis, soos wat ook uitdruklik in 2 Kor 6:14 geleer word. Ons moet ons heeltemal afsonder van die ongelowiges. Maar nou is dit nie net 'n individuele saak nie. Die leer van Bileam het inteendeel nie die individu in gedagte gehad

nie. Die vermenging met vroue van 'n ongelowige volk, was 'n bedreiging vir Israel as volk. Die volk is naamlik 'n bousteen (of behoueringsstelsel) van God se verbond. JHWH se verbond werk juis deur die gesin, die familie en die volk. Dit word ook bevestig deur Handeling 17:26,27 se verduideliking van God se werk by die toring van Babel. Hy het naamlik die volke van mekaar geskei en hulle grense vasgestel sodat hulle God kan soek. Dit is ook waarom die sendingopdrag is om die evangelie aan die nasies te verkondig. Wie dus die volk, as boublok van die verbond misken, bestry God se skeppingsorde, sowel as Sy verbondswerk. Hierdie punt word verder duidelik uit die skynbaar inkonsekwente optrede van Moses in Num 31. Hier lees ons dat Moses opdrag gee dat die Midianiete uitgewis moet word a g v hulle verleiding van Israel. Die Israëliete het egter die vroue en kinders laat lewe. Toe het Moses kwaad geword en hulle beveel om al die vrouens wat met 'n man gemeenskap gehad het, sowel as al die seuns te dood. Op die oog af, is hierdie 'n baie vreemde opdrag. As dit verkeerd was om met die Midianiete te vermeng, waarom word die Israëliete toegelaat om die Midianitiese maagde vir hulle as vrouens te neem? Eerstens het ons reeds gesien dat die Midianiete naby verwant was aan die Israëliete. Hier was dus geen sprake van rasvermenging nie. Tweedens het hierdie volke 'n patriagale kultuur gehad – die man was die hoof van die huis. Hy het leiding gegee. Die seuns moes waarskynlik gedood word, sodat hulle nie Midianitiese kultuur in Israel kon indra nie. Die Bybel leer ook dat 'n man en 'n vrou wat geslagsgemeenskap het, een word. Die vroue wat reeds gemeenskap gehad het, was dus reeds één met die Midianitiese mans. Die maagde wat met Israelitiese mans trou, sou dan waarskynlik die Israelitiese kultuur en godsdiens aanvaar.

Dit gaan dus nie hier om die vermenging van bloed assulks nie, maar om die vermenging met 'n ongelowige volk en met ongelowige individue.

## 2.8 Gemengde bloed

Ons vind ook 'n interessante gedeelte in Neh 13:1-3. Toe die Jode uit die ballingskap terugkom was hulle blykbaar nie meer bekend met die bepalings van die wet nie. Nehemia het toe die wet aan die volk laat voorlees. Hulle kom toe op die gedeelte af in In Deut 23:3,4, waar God beveel dat geen Ammoniet of Moabiet in die vergadering van JHWH mag kom nie – selfs tot in die 10e geslag – omdat hulle die Israëliete nie vriendelik behandel het met hul uittoeg uit Egipte nie en omdat hul koning Balak vir Bileam gehuur het om Israel te vervloek. Toe hulle die wet hoor, het hulle al die mense van gemengde bloed uit Israel afgesonder.

Hierdie gedeelte laat 'n paar vrae ontstaan. Sou die nageslag van die Midianitiese maagde as gemengde bloed beskou word? In Gen 19:36-38 sien ons dat die Ammoniete ook die nageslag van Lot was. Hulle was dus ook naby verwant aan Israel. Hier was dus ook nie sprake van rasvermenging nie. Ons moet dus aanvaar dat dit hier ook nie gegaan het om bloedsuiwerheid assulks nie, maar om geloofsuiwerheid. Nogtans word diegene met gemengde bloed as 'n bedreiging beskou.

## VOLKSONDE 2: GODSDIENSVRYHEID

In die lig van wat ons tot dusver geleer het, kan ons dan ook godsdiensvryheid as volksonde identifiseer. In navolging van die humanisme, het ons godsdiensvryheid propageer as sogenaamde Christelike beginsel. Toe ons Vader aan ons ons vryheid teruggegee het met Republiekwording, het ons wel 'n Godvererende volkshuishouding probeer daarstel, maar ons het steeds dwaalleringe en ander godsdienste toegelaat in die land. Ironies dat die Nederlandse Geloofsbelydenis in art 36 uitdruklik sê die Bybel leer dat dit die owerheid se plig is om alle afgodery en valse godsdiens uit te roei. Ons het dus godsdiensvryheid nie alleen toegelaat in ons land nie, maar aktief geleer dat dit 'n Christelike beginsel is, welwetende dat die Bybel leer: ons mag geen vreemde godsdiens of lering in ons land toelaat nie.

## 2.9 Apartheid

Hier moet ek net kortliks verwys na die Bybelse beginsel van Apartheid. In die eerste plek mag ons nie rasse vermeng nie, want dit skend God se skeppingsorde wat Hy nie net met die skepping verordineer het nie, maar ook weer herstel het na die toring van Babel en ook bevestig het in die Nuwe Testament in Hand 17:26,27 (soos ons reeds gesien het). Maar in die tweede plek, wat die sonde van die Bileamsleer betref, mag ons ook geen Moslem, Hindu of Afrika-godsdiens in ons land toelaat nie. As dit dan nou beteken ons moet sonder hulle arbeid klaarkom, dan is dit nou maar so.

## VOLKSONDE 3: ONGELOWIGES IN ONS LAND

Die derde volksonde, wat uit die tweede voortvloei, was dus om ongelowiges in ons land toe te laat. In die saak van die Bileamsleer was die ongelowige volke naby verwant aan Israel. Daar was geen sprake van rasvermenging nie. Ons het egter nog verder gegaan en van Swart-; Maleier- en Indiër-arbeid gebruik gemaak, wat noodwendig meegebring het dat hulle tussen ons kom woon – welwetende dat hulle ongelowige volke is. Met die indiensneming van Swartes was daar wel geen bedoeling om met hulle te vermeng nie, maar selfs dit het later gevolg.

### 2.10 Bybeltekse oor Apartheid

Let hier ook op Ex 23:31-33

En Ek sal jou grense vasstel van die Skelfsee af tot by die See van die Filistyne, en van die woestyn af tot by die Eufraat. Want Ek sal die inwoners van die land in julle hand gee, en jy sal hulle voor jou uit verdrywe.  
Jy mag met hulle of met hulle gode geen verbond maak nie.  
Hulle mag in jou land nie woon nie, dat hulle jou nie verlei om teen My te sondig nie. Want jy sal hulle gode dien, ja, dit sal vir jou 'n strik wees.

En Num 33:55, 56

Daar staan: "As julle die bewoners van die land nie voor julle uit verdrywe nie, sal die wat julle van hulle laat oorbly, soos dorings in julle oë wees en soos angels in julle sye, en hulle

sal julle beveg in die land waar julle in woon. En soos Ek gedink het om aan hulle te doen, sal Ek aan julle doen.”

En in Jos 23

Jos 23:11 Neem julle dan terdeë in ag ter wille van julle siele, om JHWH julle God lief te hê;

Jos 23:12 want as julle ooit mag afwyk en hierdie nasies aanhang wat nog met julle saam oorgebly het, en julle met hulle verswaer en julle met hulle en hulle met julle meng,

Jos 23:13 weet dan verseker dat JHWH julle God nie langer hierdie nasies voor julle uit sal verdrywe nie; maar hulle sal vir julle ‘n vangnet en ‘n strik wees en ‘n angel in julle sye en dorings in julle oë, totdat julle omkom uit hierdie goeie land wat JHWH julle God aan julle gegee het.

### 3. Die ander sonde van die Bileamsleer wat in Op 2:14 aangespreek word, is die eet van afgodsoffers.

#### 3.1 Volksondes word vir ons ‘n strik

Ons het nou gesien hoe die Israeliete se vermenging met ongelowige volke gelei het tot afvalligheid en die eet van afgodsoffers. In ons volkslewe het die toelating van godsdienstvryheid en vreemde (ongelowige) volke in ons land ook meegebring dat hulle vir ons ‘n strik is – dorings in ons oë en angels in ons sye.

#### 3.2 Halaal

Een so ‘n pyniging is die Halaalteken op byna al die voedsel wat in die supermarkte beskikbaar is. Min van ons mense weet wat daardie teken behels. Dit beteken dat elkeen van daardie produkte gewy word aan Allah deur ‘n ritueel. By vleis word elke dier se slagaar deur ‘n Allah priester afgesny en terwyl hy uitbloei word die karkas aan Allah opgedra. Verder moet die slagpale en die ander verskaffers ‘n heffing betaal aan die Halaal-liggaam vir hierdie voorreg.

Ek haal die South African National Halaal Authority aan:

“The fees vary from Business to business. The typical average fees are listed below:

Current certification fees per Month:

Butcheries R350

Franchise Restaurants R400

Cafés and Take Aways R300

Beverage Manufactories R500

Bakeries R400

Beef abattoir R3.50 per carcass

Sheep abattoir R2.00 per carcass

Poultry abattoir from 0.025c per bird”

#### 3.3 Ons befonds die afgodediens

Hierdie heffing word uit die aard van die saak aan die verbruiker deurgegee. Ons eet dus kos wat aan ‘n afgod gewy is en befonds ook die werk van die Moslems. Ons befonds hierdie afgodsritueel sowel as hulle Moslemskole en Moskees.

#### 3.4 Bybeltekse

Hier is 'n paar tekste om te oorweeg:

Hand 15:28,29 Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge: dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery. As julle jul hiervan onthou, sal julle goed doen. Vaarwel!

Hand 21:25 Wat egter die gelowiges uit die heidene betref het ons geskrywe en besluit dat hulle niks van dié aard moet onderhou nie, maar hulle net moet onthou van afgodsoffers en bloed en van wat verwurg is, en van hoerery.

Ps 16:4 Die smarte van hulle wat 'n ander god met gawes vereer, sal menigvuldig wees ...

Aan die ander kant sê Jesus in Mat 15:11 en 17 dat dit nie is wat in die mond ingaan wat ons onrein maak nie, maar wat uit die mond uitgaan (na aanleiding van die Fariseërs se beswaar dat die dissipels nie hulle hande gewas het voor ete nie).

En Rom 14:6 "... wie eet, eet tot eer van die Here, want hy dank God; en wie nie eet nie, eet nie tot eer van die Here, en hy dank God."

Ook in 1 Tim 4:1-5 word ons vermaan tot versigtigheid in ons lering oor hierdie saak:

Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete, wat verbied om te trou en gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken.

Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie;

want dit word geheilig deur die woord van God en die gebed.

In 1 Kor 10 word die saak volledig behandel:

In vers 7 word ons vermaan om nie afgodediens te wees soos wat van Israel gesê is nie: dat hulle gaan sit het om te eet en te drink en opgestaan het om te speel.

18-28:

Let op Israel na die vlees: het die wat die offers eet, nie gemeenskap met die altaar nie?

Wat sê ek dan? Dat 'n afgod iets is, of dat 'n afgodsoffer iets is?

Nee, maar dat die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê dat julle met die duiwels gemeenskap moet hou nie.

Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die duiwels nie. Of wil ons die ywer van die Here opwek? Is ons miskien sterker as Hy?

Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar nie alles stig nie.

Laat niemand sy eie voordeel soek nie, maar elkeen die voordeel van 'n ander.

Eet alles wat in die slaghuys verkoop word sonder om navraag te doen, ter wille van die gewete.

Want die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan.

En as een van die ongelowiges julle nooi en julle is gewillig om te gaan, eet dan alles wat julle voorgesit word sonder om navraag te doen, ter wille van die gewete.

Maar as iemand aan julle sê: Dit is afgodsoffer—moet dit dan nie eet nie, ter wille van hom wat dit te kenne gegee het, en ter wille van die gewete—want die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan—  
ek bedoel die gewete, nie van jouself nie, maar van die ander; want waarom word my vryheid geoordeel deur 'n ander se gewete?

### 3.5 Gevolgtrekking

Hieruit kan ons aflei dat dit ons nie tot sonde gereken sou word as ons die afgodsoffers onwetend eet nie. Maar nou kondig hulle aan dat dit afgodsoffers is by wyse van die Halaaltekens. Omdat alles ons geoorloof is, mag ons dit steeds eet as ons niks anders kry nie.

Ons moet ook onderskei tussen gewillige deelname aan afgodsoffers wat in die Bileamsleer ter sprake is en onwillige deelname deur die eet van voedsel wat aan afgode gewy is wat ons verwerp en teëstaan.

Maar ter wille van die eer van ons God kan ons nie ongeërg hieroor staan nie. Die meeste van ons mense is onbewus van die Halaaltekens. Die meeste van die wat wel bewus is, weet nie dat dit beteken dat die kos aan Allah gewy is en dus 'n afgodsoffer is nie en ook nie dat ons die afgodediens daardeur befonds nie. Ons het 'n plig om die basuin te blaas en dit aan ons mense bekend te maak. Ons moet ook verder beklemtoon dat, as ons nie in Jesus bly, soos Joh 15 leer nie, ons blootgestel is aan die aanslae van Satan. Hier moet ons ook beklemtoon hoe belangrik dit is om die seën te vra voor 'n maaltyd. Dan moet ons ook minstens moeite doen om Halaalvrye voedsel te koop en ons moet druk uitoefen op verskaffers om Halaalvrye voedsel aan te hou. In hierdie verband neem ons met dank kennis dat SPAR-supermarkte die meeste Halaalvrye voedsel aanhou. Ons neem ook met dank kennis van die GKK se inisiatief om die hof te nader om die verskaffers van voedsel te verplig om halaalvrye voedsel op die winkelrakke beskikbaar te stel. Verder sal 'n massa-aksie in orde wees waar elke volksgenoot aangemoedig word om die bestuurders van supermarkte te konfronteer met 'n lys van voedsel wat nie Halaalvry beskikbaar is nie.